# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Thursday, 27th April, 1950. WINDHOEK Donderdag, 27 April 1950. No. 1500.


## CONTENTS


| | Page. |
|---|---|
| **PROCLAMATIONS—** | |
| No. 16. Artesian Water Control Suspension Proclamation, 1950. | 357 |
| No. 17. Commission of Enquiry: Artesian Water Rights. | 357 |
| **GOVERNMENT NOTICES—** | |
| No. 123. Circuit Courts: Division of Territory into Circuit Districts and Fixing of Dates, etc., for Holding of Courts. | 358 |
| No. 124. Commission of Enquiry: Artesian Water Rights: Appointment of. | 358 |


## INHOUD


| | Bladsy. |
|---|---|
| **PROKLAMASIES—** | |
| No. 16. Opskortingsproklamasie insake Beheer oor Artesiese Water 1950. | 357 |
| No. 17. Kommissie van Ondersoek: Artesiese Waterregte. | 357 |
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS—** | |
| No. 123. Rondgaande Howe: Verdeling van Gebied in Rondgangsdistrikte en Vasstelling van Datums, ens., van Hofsittings. | 358 |
| No. 124. Kommissie van Ondersoek: Artesiese Waterregte: Aanstelling van. | 358 |


## PROCLAMATIONS

BY HIS HONOUR PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 16 of 1950.]

WHEREAS it is desirable to suspend certain provisions of the Artesian Water Control Proclamation Amendment Ordinance, 1949;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. From the taking effect of this Proclamation the provisions of the Artesian Water Control Proclamation Amendment Ordinance, 1949 (No. 7 of 1949) shall be suspended in as far as they relate to wells or boreholes on land which is within an artesian area and which is also situated within a municipality: Provided that no deep well as defined in the said Ordinance shall be sunk or excavated on such land except under authority of a licence the issue of which has been authorised by the Administrator in terms of the provisions of the Artesian Water Control Proclamation, 1921 (No. 49 of 1921).

2. Any person who sinks or excavates a deep well in contravention of section *one* of this Proclamation shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to the penalties prescribed in section *thirteen* of the Artesian Water Control Proclamation, 1921 (No. 49 of 1921).

3. This Proclamation shall be called the Artesian Water Control Suspension Proclamation, 1950.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 21th day of April, 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

No. 17 of 1950.]

WHEREAS it is desirable to confer certain powers upon the Commission appointed by the Administrator to enquire into and report upon the question of the rights and claims of owners of land within municipal areas to the use of water on such land, whether by means of wells or boreholes;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested by section *one* of the Commissions' Powers Ordinance, 1927 (No. 6 of 1927) I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

## PROKLAMASIES

VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 16 van 1950.]

NADEMAAL dit wenslik is om sekere bepalings van die Ordonnansie ter Wysiging van die Artesiese Waterkontrole-Proklamasie 1949 op te skort;

SO IS DIT dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen hierby proklameer, verklaar en bekendmaak:—

1. Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie word die bepalings van die Ordonnansie ter Wysiging van die Artesiese Waterkontrole-Proklamasie 1949 (No. 7 van 1949) opgeskort namate hulle betrekking het op putte en boorgate op grond wat binne 'n artesiese gebied binne 'n munisipaliteit geleë is: Met dien verstande dat geen diep put soos omskryf in die gemelde Ordonnansie op sodanige grond gegrawe of gedolwe mag word nie, buiten met die magtiging van 'n lisensie waarvan die Administrateur die uitreiking gelas het ingevolge die bepalings van die „Artesies Water Kontrole Proklamatie 1921" (No. 49 van 1921).

2. Elkeen wat 'n diep put strydig met die bepalings van artikel *een* van hierdie Proklamasie grawe of dolwe, is skuldig aan 'n oortreding, en is by skuldigbevinding onderhewig aan die strawwe wat voorgeskryf word by artikel *dertien* van die „Artesies Water Kontrole Proklamatie 1921" (No. 49 van 1921).

3. Hierdie Proklamasie heet die Opskortingsproklamasie insake die Beheer oor Artesiese Water 1950.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 21ste dag van April 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

No. 17 van 1950.]

NADEMAAL dit wenslik is om sekere magte te verleen aan die Kommissie wat deur die Administrateur aangestel is om in te gaan op, en verslag uit te bring oor, die vraagstuk van die regte en aansprake van eienaars van grond binne munisipale gebiede op die gebruik van water op sodanige grond, hetsy middels putte hetsy middels boorgate;

SO IS DIT dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *een* van die Magte van Kommissies Ordonnansie 1927 (No. 6 van 1927) hierby proklameer, verklaar en bekendmaak:—

The powers, jurisdiction and privileges set forth in sections *three* to *seven* of the Commissions' Powers Ordinance, 1927 (No. 6 of 1927) are hereby conferred upon the Commission appointed by the Administrator to enquire into and report upon the question of the rights and claims of owners of land within municipal areas to the use of water by means of wells or boreholes.

The appointment of this Commission is notified in Government Notice No. 124 dated the 27th day of April, 1950.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 24th day of April, 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

Die magte, regsbevoegdheid en voorregte soos uiteengesit in artikels *drie* tot *sewe* van die Magte van Kommissies Ordonnansie 1927 (No. 6 van 1927) word hierby verleen aan die Kommissie wat deur die Administrateur aangestel is om in te gaan op, en verslag uit te bring oor, die vraagstuk van die regte en aansprake van eienaars van grond binne munisipale gebiede op die gebruik van water op sodanige grond middels putte of boorgate.

Die aanstelling van hierdie Kommissie word bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 124 van die 27ste dag van April 1950.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 24ste dag van April 1950.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

## Government Notices.

## Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 123.] [27th April, 1950.

CIRCUIT COURTS.

(a) Under and by virtue of the powers conferred by sections *two* and *three* of the Further Administration of Justice Proclamation, 1920, the Administrator has divided the Territory of South West Africa into the following Circuit Districts:—

(1) NORTHERN CIRCUIT DISTRICT, comprising the Magisterial Districts of Grootfontein, Kaokoveld, Karibib, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo, Ovamboland and Swakopmund;

(2) SOUTHERN CIRCUIT DISTRICT, comprising the Magisterial Districts of Bethanie, Gibeon, Keetmanshoop, Luderitz, Maltahohe and Warmbad;

(3) CENTRAL CIRCUIT DISTRICT, comprising the Magisterial Districts of Gobabis, Okahandja, Rehoboth and Windhoek,

and has directed that Circuit Courts shall be held in the towns and on the days and at the times set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by an unforseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

SCHEDULE.

(1) *For the Northern Circuit District* at Omaruru on Tuesday, 2nd May, 1950, at 10 a.m.

(2) *For the Southern Circuit District* at Mariental on Monday, 22nd May, 1950, at 10 a.m.

(3) *For the Central Circuit District* at Windhoek on Thursday, 1st June, 1950, at 10 a.m.

(b) Government Notice No. 120 of 15th April, 1950, is hereby repealed.

No. 123.] [27 April 1950.

RONDGAANDE HOWE.

(a) Kragtens die bevoegdheid hom verleen deur artikels *twee* en *drie* van die „Verdere Regtsbedelings Proklamatie 1920" het die Administrateur die Gebied Suidwes-Afrika in die volgende rondgangdistrikte verdeel:—

(1) NOORDELIKE RONDGANGDISTRIK, bestaande uit die Magistraatsdistrikte Grootfontein, Kaokoveld, Karibib, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo, Ovamboland en Swakopmund;

(2) SUIDELIKE RONDGANGDISTRIK, bestaande uit die Magistraatsdistrikte Bethanie, Gibeon, Keetmanshoop, Luderitz, Maltahohe en Warmbad;

(3) SENTRALE RONDGANGDISTRIK, bestaande uit die Magistraatsdistrikte Gobabis, Okahandja, Rehoboth en Windhoek,

en het gelas dat Rondgaande Howe gehou sal word in die dorpe en op die datums en ure vermeld in die Bylae hiervan, met dien verstande dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene oorsaak of oponthoud verhinder word om die Rondgaande Hof op enigeen van genoemde plekke op die vasgestelde datum te open, sodanige Rondgaande Hof geopen moet word op die dag waarop die Regter op die betrakke plek aankom of so spoedig daarna as wat dit gerieflik kan geskied.

BYLAE.

(1) *Vir die Noordelike Rondgangdistrik* te Omaruru op Dinsdag, 2 Mei 1950, om 10 v.m.

(2) *Vir die Suidelike Rondgangdistrik* te Mariental op Maandag, 22 Mei 1950, om 10 v.m.

(3) *Vir die Sentrale Rondgangdistrik* te Windhoek op Donderdag, 1 Junie 1950, om 10 v.m.

(b) Goewermentskennisgewing No. 120 van 15 April 1950, word hierby herroep.

No. 124.] [27th April, 1950.

COMMISSION OF ENQUIRY: ARTESIAN WATER RIGHTS.

It is hereby notified for general information that His Honour the Administrator has been pleased to appoint a Commission consisting of—

Mr. F. R. Staples, Magistrate Swakopmund (Chairman),

Mr. D. I. H. R. Meintjies, Grootfontein,

Mr. O. Wipplinger, Works Branch, Windhoek,

to enquire into and report upon the question of the rights and claims of such owners and occupiers of land within municipal areas who are affected by the provisions of Ordinance No. 7 of 1949, to the use of water on such land whether by means of wells or boreholes.

The Commission will sit in Room 17, Government Buildings, Windhoek, and enquiries should be directed to that address.

No. 124.] [27 April 1950.

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK: ARTESIESE WATERREGTE.

Ter algemene inligting word daar hierby bekendgemaak dat dit Sy Edele die Administrateur behaag het om 'n kommissie van ondersoek aan te stel met die volgende lede:—

Mnr. F. R. Staples, die Magistraat van Swakopmund, Voorsitter;

Mnr. D. I. H. R. Meintjies, Grootfontein; en

Mnr. O. Wipplinger, Afdeling Openbare Werke, Windhoek.

Hierdie kommissie het opdrag om in te gaan op, en verslag uit te bring oor, die vraagstuk van die regte en aansprake van die eienaars en die bewoners van grond binne munisipale gebiede wat geraak word deur die bepalings van Ordonnansie 7 van 1949 op die gebruik van water op sodanige grond, hetsy middels putte hetsy middels boorgate.

Die kommissie hou sitting in Kamer 17, Regeringsgebou, Windhoek, en navrae moet aan daardie adres gerig word.

Printed in South West Africa by / Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek.